——oOo——

# PROFESSOR A. J. H. VAN DER WALT—'N WAARDERING

My kennismaking met prof. Andries van der Walt dateer vanaf Februarie 1925, nou een-en-dertig jaar gelede. As onrype en onervare en onkundige beginner was dit my voorreg om die vak Geskiedenis onder sy leiding te bestudeer tot aan die einde van 1937 toe ek my studie vir die doktorsgraad voltooi het, maar ook daarna was ek as Senior Lektor in sy departement aan ons Universiteit ten nouste aan hom verbonde totdat hy Potchefstroom

View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)

het dus baie jare lank ruim geleentheid gehad om prof. Van der Walt as navorser en dosent en ook as mens te leer ken en waardeer.

Waar hy op die punt staan om die akademiese lewe vaarwel te sê, is dit vir my namens sy baie oudstudente 'n voorreg om 'n waardering van sy werk te gee en daarmee persoonlik te getuig van die groot aandeel wat hy gehad het ook wat betref my eie wetenskaplike vorming.

Andries van der Walt se geskiedbeskouing, wat die fondament geword het waarop die departement Geskiedenis aan die Potchefstroomse Universiteit gebou is, berus op twee pilare: as deel van sy lewensbeskouing vloei dit voort uit sy pioniersherkoms, sy huislike agtergrond en sy vroeë vorming aan die Gereformeerde Gimnasium in Steynsburg, maar dit is andersins afgerond en gesistematiseer deur sy studie aan die Literariese Afdeling van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk en sy opleiding aan die voete van die Nestor van die Duitse historiografie, prof. Friedrich Meinecke van Berlyn. Sy geskiedbeskouing as geheel is 'n harmoniese samesmelting

van die Christelike en nasionale tradisie van sy huis en omgewing met die vakwetenskaplike tradisie van die groot Duitse geleerde.

Andries van der Walt is afkomstig van 'n ou pioniersgeslag van die Kaapse noordooste, wat by verbygaande besoekers en oppervlakkige waarnemers bekend gestaan het as stug en bekrompe „Doppers" weens hulle konserwatiewe lewenswyse en omdat hulle nie die Calvinistiese geloofsoortuiging van hulle Hollandse voorvaders wou prysgee nie. Maar by die Kaapse owerhede, die hoë amptenare van Engeland, het hulle die naam gedra van wetsgehoorsame, stabiele en geduldige burgers wat hulle nie ingelaat het met allerlei politieke eksperimente en avontuurlike waagstukke nie. Daardie gevestigde bevolking van die noordoostelike grensdistrikte van die Kolonie het hulle selfs nie eers deur die Groot Trek laat meesleur nie en in skynbare gelatenheid in die vreemde oorheersing berus. Maar teen die einde van die 19de eeu het ook in daardie kring die sluimerende nasionale gevoel ontwaak, die jong manne het in die groot worstelstryd teen Engeland te wapen geloop, openlik hulle simpatie met die republikeinse volksaak betuig en dit soms met hulle bloed beseël. Uit die ruïnes wat die oorlog nagelaat het, het 'n jong geslag vaderlanders te voorskyn getree met 'n eie taak en bewus van 'n eie roeping om die volk na 'n verlore oorlog weer op te rig. Dit was by uitstek 'n kultuurtaak, en hulle sou 'n ruim aandeel hê in die rekonstruksie van die volks- en staatsgebou gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu.

Dit is teen daardie agtergrond wat Andries van der Walt gesien moet word. Dit is uit daardie geslag wat hy en ander bouers van die Christelike wetenskap in Potchefstroom gespruit het. Die jong Afrikaanse Calvinis wat hom in daardie dae as wetenskaplike en geleerde wou bekwaam, het met groot struikelblokke te kampe gehad, want vir hom was daar geen eie universiteit waar hy opgelei kon word nie. Trouens, hy moes nog help bou om daardie toekomsideaal te verwesenlik. Met sy huislike agtergrond as vernaamste bate moes Andries van der Walt hom as historicus gedeeltelik self vorm, want toe hy hom na sy voorbereidende studie aan die Literariese Afdeling van die Teologiese Skool verder in die Geskiedenis wou bekwaam, moes dit geskied sonder 'n dosent vir die Honneursstudie en wat die eksamen betref, bowendien as eksterne student van die Universiteit van Suid-Afrika, 'n inrigting wat nog geleef het in die ou liberale tradisie van die Universiteit van die Kaap de Goede Hoop. Maar hy het volgehou en vasgehou en na voltooiing van die graad in 1921 is hy as eerste Lektor in Geskiedenis aan die pasgestigte P.U.K. benoem. Daarmee het hy, en dit sê ek sonder om die

betekenis van die deeltydse dosente aan die kollege te onderskat, die grondlegger geword van Geskiedenis as vakwetenskap in Potchefstroom.

Onder sy leiding het die jong departement vinnig ontwikkel, veral na die stigting van die Normaalkollege in Potchefstroom, wat groot getalle aspirant Geskiedenis-onderwysers na sy lesings gelok het. Sy arbeid was moeisaam, want soos ander dosente moes hy nie alleen baie lesings gee nie, maar soms ook nog byvakke daarby behartig. Terselfdertyd het hy sy eie navorsing nie links laat lê nie, maar 'n breedopgesette studie gemaak van die agtiende-eeuse pioniersbeweging, 'n onderwerp wat hom na aan die hart gelê het. Na voltooiing van die navorsing in die Kaapse Argief het hy in 1926 na Berlyn vertrek met die oog op die voltooing van die doktorsgraad. Gedurende 1926, 'n gedeelte van 1927 en weer in 1928 het hy die lesings van prof. Friedrich Meinecke bygewoon en aan die einde van 1928 gepromoveer met 'n proefskrif getiteld „Die Ausdehnung der Kolonie am Kap der Guten Hoffnung, 1707-1779". Hierdie werk se belangrikheid lê nie in sy omvang nie maar in sy diepgaande en indringende ontleding van faktore in die Suid-Afrikaanse geskiedenis wat tevore nie tot hulle reg gekom het nie. Na aanleiding van 'n opstel van prof. Leo Fouche oor die ontwikkeling van die Kaapse Trekboer het hy die agtiende-eeuse uitbreidingsbeweging ondersoek en die oorsake en verloop daarvan noukeurig bepaal. Daarmee het hy vir latere navorsers 'n ware terra incognita ontsluit. Indertyd is die werk in Suid-Afrika gekritiseer omdat dit soveel nadruk gelê het op ekonomies-materiële faktore, want onder invloed van Gustav Preller was daar 'n algemene neiging om „nasionale" faktore in ons geskiedenis oor te beklemtoon. In werklikheid het die kritiek nie veel om die lyf gehad nie en was die verskyning van die „Ausdehnung" 'n welkome mylpaal in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing. Die werk getuig sterk van die wetenskaplike invloed en tradisie van Meinecke wat betref doelgerigtheid en dissipline by die navorsing, onpartydigheid by die ontleding, rypheid van oordeel en afgerondheid van die geheel. Dit getuig nie slegs van die analitiese vermoë van die skrywer nie, maar bowenal van 'n kritiese insig en objektiwiteit wat hom dwarsdeur sy loopbaan bygebly het. Die feit dat die werk in Duits verskyn het, het ongelukkig grootliks daartoe bygedra dat dit nie die algemene bekendheid verwerf het wat dit verdien het nie. Desnieteenstaande bly dit na my mening vandag nog die vernaamste enkele bydrae tot ons kennis van die faktore wat aanleiding gegee het tot die rustige ontplooiing van die Kaapkolonie gedurende die 18de eeu.

Met sy aanvaarding van die professoraat in Potchefstroom aan die begin van 1929 het Andries van der Walt 'n inougurele rede gehou wat net soos sy

proefskrif die invloed vertoon van sy wetenskaplike vorming, en dit gee mens ook 'n besondere insig in sy geskiedbeskouing. Dit dra die opskrif „Geskiedvorsing en Geskiedbeskouing" en dit beklemtoon die noodsaaklikheid van 'n positiewe geskiedbeskouing by alle historiese navorsing, asook die verband tussen beginsels en navorsing. Hierdie rede was destyds van besondere betekenis omdat in Suid-Afrika so goed as niks op die terrein van die teoretiese geskiedenis gedoen is nie, maar dit het vandag nog nie sy betekenis verloor nie, want wat hy vyf-en-twintig jaar gelede daarin verklaar het, staan nog onomstootlik vas.

Sy Christelik-nasionale en wetenskaplike lewensbeginsel het hy op sy studente oorgedra. As dosent was sy lesings gekenmerk deur deeglikheid in die voorbereiding en deur 'n besondere afgerondheid. Hy het nooit gebruik gemaak van die diktaatmetode nie, en hoewel hy stadig voorgedra het, het veral jong studente dit moeilik gevind om tred te hou. Omdat sy voordrag besonder rustig en gedrae was, het diegene wat nie goed geluister het nie, sy lesings selfs „droog" gevind. Maar die studente in die meer gevorderde klasse en veral die nagraadse studente het anders geoordeel. Hulle het sy deeglikheid en rypheid gewaardeer, en so het sy Christelike en nasionale geskiedbeskouing bevrugtend gewerk op die jong onderwysers en navorsers wat hulle opleiding in Potchefstroom gehad het.

Dit is verstaanbaar dat by iemand met sy agtergrond, opleiding en temperament die klem nooit geval het op die sensasionele en dramatiese in die geskiedenis nie, en met daardie gees het hy ook sy studente probeer besiel. Dit was van groot betekenis gedurende die jare dertig en veertig toe die nasionale gevoel in Suid-Afrika sterk opgevlam en gedreig het om die balans van wetenskaplikes selfs binne die gewyde portale van die Universiteit te verstoor. Andries van der Walt het intens met sy volk meegeleef, want as historicus het hy nooit die standpunt ingeneem dat hy heeltemal buite die wel en wee van sy volk iewers op 'n Olimpiese hoogte staan nie, maar in sy wetenskaplike werk het hy hom nie op loop laat jaag deur gevoelsopwellinge nie. Vaderlander was hy, maar nooit chauvinis nie, en in die lesings oor die historiografie en die metodologie het hy die noodsaaklikheid van historiese objektiwiteit steeds weer beklemtoon ook by die studie van die eie vaderlandse geskiedenis. Ek hoor vandag nog sy waarskuwings teen subjektiwistiese en publisistiese tendense.

Hierdie gees van kalme afgetrokkenheid wat so 'n vername kenmerk is van die skool van Meinecke, het nie net uit sy lesings gestraal nie, maar uit al sy gepubliseerde werk. Afgesien van sy proefskrif moet hier genoem word sy tallose artikels en resensies in verskeie tydskrifte, asook sy belang-

rike aandeel in die redaksie, saam met prof. Wiid en dr. Geyer, van die „Geskiedenis van Suid-Afrika", 'n versamelwerk wat in twee dele verskyn het en wat algemeen as handboek gebruik word. Hy was afgesien van sy redaksionele werk, verantwoordelik vir verskeie belangrike hoofstukke daarin. Gedurende baie jare het hy ook navorsing gedoen met die oog op 'n standaardbiografie van Paul Kruger en hy was reeds ver gevorder daarmee toe hy die benoeming aan die Universiteit van Suid-Afrika aanvaar het. Dit het ongelukkig die einde van sy grootse voorneme beteken, maar hy was grootmoedig genoeg om die voortsetting van daardie taak en daarmee ook sy versamelde bronne-materiaal aan my oor te dra.

Andries van der Walt was nie slegs nougesette navorser en bekwame dosent nie, ook as skrywer van 'n robuste en korrekte Afrikaans moet sy naam met eer vermeld word. Sy styl is rustig en sterk, sy sinsbou baie korrek en sy woordeskat uitgebreid. In hierdie opsig het hy 'n voorbeeld gestel vir die gebruik van goeie en groot historiese prosa, 'n eienskap wat nog altyd as een van die belangrikste vir elke historicus geag word. Gepaard daarmee het hy 'n bewonderenswaardige sin vir sielkundige ontleding getoon.

Gedurende sy ampstyd in Potchefstroom het die departement Geskiedenis geleidelik uitgegroei tot een van die grootste aan ons Universiteit en die groot aantal oudstudente van daardie jare getuig met dankbaarheid van die groot invloed wat van hom uitgegaan het. Persoonlik het ek ontsaglik geleer van sy wye kennis in die letterkunde, kuns en kultuur en dit het my lewe ryker gemaak. Hy het die weg vir my as sy opvolger in alle opsigte gebaan en my taak maklik gemaak, want dit is nie moeilik om 'n geopende deur binne te gaan nie. Hy kan gerus wees dat sy werk voortgesit word, en die departement Geskiedenis aan die Potchefstroomse Universiteit sal altyd sy monument wees.

D. W. KRUGER.

Royal Institute of International Affairs,
Chatham House,
Londen,

Januarie 1965.